

Sing vooraf staande: Psalm 47:4 (p. 241)

- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees. Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het. Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER is my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Geloofsbelydenis

Na die Wet sing ons Psalm 86:3 (p.)

Wet

Psalm 86:3 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.

Gebed

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enkele stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Skriflesing: Rigters 15

Teks: Rigters 15:16-20

En Simson het gesê: Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan. En toe hy klaar gespreek het, gooi hy die kakebeen uit sy hand en noem dié plek Kakebeenshoogte. Daarop kry hy baie dors en roep die HERE aan en sê: U het deur die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val? Toe kloof God die holte wat by Legi is, en daar kom water uit; en hy het gedrink, en sy gees het teruggekom, en hy het weer opgelewe. Daarom noem hulle dit Roepersfontein, wat vandag nog by Legi is. En hy het Israel gerig in die dae van die Filistyne, twintig jaar lank.
(Rigters 15:16-20 AFR53)

As jy nie weet waarheen jy op pad is nie, kan jy nie verdwaal nie!

Ons oorskat onself dikwels. Dan kan ons danig verwaand ons eie bekwaamhede opblaas – totdat die Here ons aan onself en aan ons eie kragte oorlewer. Dan verander die saak vinnig:

- Dan knak die beeld van eie krag.
- Dan maak die selfverheerliking plek vir doodsangs en vir skande.

Ons het in die gelese gedeelte te doen met 'n baie besondere man: Simson.

- Dit is opvallend dat sy geboorte aangekondig word voordat hy daar is.
- So 'n afkondiging gebeur in die Bybel vyf keer, naamlik voor die geboorte van Isak, Simson, die seun van die Sunamitiese vrou, Johannes die Doper en Jesus Christus die Seun van God.

Simson is dus 'n mens wat besonderlik deur God geag word. Die saak staan nog sterker uit as ons dink dat die vyf manne wat hier opgenoem word, almal eenlinge was wat 'n sentrale plek in die heilsgeskiedenis ingeneem het.

Simson het die volk as eenling regeer.

- Selfs die oorloë wat Israel in hierdie tyd teen die Filistyne gevoer het, was eenmansoorloë.
- Dit was elke keer Simson alleen teen die Filistyne. Die volk was die hele tyd soos dekorfigure teen die agtergrond.
- Waar die volk wel ter sprake is, word hulle in hulle swakheid genoem – nie in hulle geloof of in hulle krag nie.
 - Dit is ook die feit wat ter sake is in die gedeelte wat ons saam gelees het.
 - Die volk waaroor Simson as rigter/leier optree, gaan lewer Simson aan die vyand oor. Hulle is te bang om hom te beskerm of om by hom te staan.

Kyk na die beeld:

- *In hierdie gebeurtenis is Simson natuurlik 'n stylfiguur van die Here Jesus Christus wat ook deur sy volk oorlewer word aan die heidene.*
- *Jesus en Simson moes al twee ná hulle oorlewering alleen die doodstryd stry.*
- *Hulle moes al twee alleen die magte wat teen hulle gestaan het, oorwin.*

Die agtergrond van die gedeelte wat ons gelees het, is dit:

- Simson het in die oestyd driehonderd jakkalse gevang en hulle twee-twee met hulle sterte aan 'n fakkel vasgemaak.
- Hy het toe elke keer die fakkels aan die brand gestee en die jakkalse in die Filistyne se lande losgelaat.
- Onnodig om te sê: die lande is toe afgebrand en verwoes.
- Simson het toe na die rots van Etam toe teruggetrek. Die rots was op die grens van die Filistyne se grondgebied.

Die Filistyne het toe 'n sterk leër bymekaargemaak en in die gebied van Juda ingetrek. Hulle doel was om Simson in die hande te kry. Juda se mense was bevrees en verskrik (vers 11).

Tog was dit vir die Israëliete moontlik dat hulle daardie dag vir altyd van die oorheersing van die Filistyne ontslae kon raak as hulle met die regte geloof – en die praktiese toepassing daarvan – teen die Filistyne opgetrek het.

- Hulle kon hulleself onder Simson se leiding goed opgestel het en die Filistyne se leër heeltemal verslaan het.
- In hulle swakheid en vrees maak hulle inderdaad 'n leër bymekaar, maar nie om teen die Filistyne te veg nie.
 - Hulle stuur drieduisend manne om Simson te gaan vang.
 - Die enigste moontlikheid vir hulle verlossing (Simson) word aan die vyand oorgelewer.

Simson self is nie vir hulle bang nie. Hy onderhandel met hulle.

- Hulle moet net belowe dat hulle nie aan die Filistyne se kant is nie.
- Hulle moet belowe dat hulle hom nie saam met die Filistyne gaan aanval nie.

Dan breek die oomblik aan waar die Almagtige God deur die optrede van Simson profeteer hoe sy Seun die magte van die hel gaan oorwin. Hy gaan die magte verslaan wat dit nie net teen Hom het nie, maar ook teen sy volk – sy gemeente.

- Simson word gebind met twee nuwe toue.
- Hy word uitgelewer.
- Toe word die Gees van die Here oor hom vaardig en dinge gebeur!

Plaas uself terug in die toneel wat op daardie oomblik afgespeel het:

- Daar staan die Filistynse leër – 'n leër in volle sterkte. Almal is tot die tande toe gewapen.
- Wat dink die Here van so baie sterk en gevaarlike manne? Die antwoord is: Niks.
- Vir God is een mens genoeg. Die Here tel nie getalle mense soos ons nie. Hy fel sy beslissing op grond van geloof in, en liefde vir, en gehoorsaamheid aan Hom.
- Die Here oorweeg nie eers vir die een mens wat nou in sy diens moet gaan veg die swaar wapentoerusting wat die Filistyne aan het nie.

Simson se wapenrusting is baie eenvoudiger as dit.

Onlangs het daar 'n donkie doodgegaan.

- Die Here beskik die dooie donkie se kakebeen as die doelmatige wapen wat die “moderne en gesofistikeerde” weermag van sy vyand gaan vernietig.
- Die Here is nie afhanklik van wetenskap en tegnologie om sy raad te vervul nie. Sy almag maak die onmoontlike moontlik waar die hoop vir mense verdof en in die mis weggeraak het.

Natuurlik maak die Here die betrokke mens wat Hy gebruik om sy raad uit te voer nie los van sy mensheid nie.

- Die Here het Simson ook nie losgemaak van sy mensheid nie.
- Daarom word hy dors van die woeste geveg.
- Mense is altyd onvolmaak – selfs die bestes onder ons.
- So gebeur dit dat Simson hom in die vreugde van sy sukses ook nie aan die HERE verbind sien nie.

Baie verwaand sing hy 'n lied oor hoe hy die Filistyne op hope doodgeslaan het. Van erkenning aan die genade wat God hom gegee het dat hy dit kon doen, sing hy nie een woord nie!

Ons kan onself in hierdie man sien:

- Baie vol van homself
- Met min begrip van ons eie beperkinge
- Grootliks sonder insig en begrip van die onmiddellike genade van God
- Met 'n reusegebrek aan dankbaarheid en aanbidding vir alles wat die Here ons gee

Kyk na die beeld wat Simson uitstraal: Dit is een van 'n mens wat glo dat net hy en sy krag alles en almal gaan vertrap wat hom sou teëgaan.

Uit die aard van die saak kan die Here nie met so 'n toestand gelukkig en tevrede wees nie.

- Daarom word Simson aan Homself uitgelewer.
- As hy dan so magtig is, moet hy self die nood van sy liggaam oorkom: Hy word dors.
- Hy was baie naby aan die dood, so dors was hy.
 - Toe weet hy om reg te bid: Here, U het deur my die Filistyne verslaan!
 - Daarna pleit hy vir die behoud van sy lewe.

Dit is natuurlik genade wat ons van God af kry as ons berou mag hê.

- Dit is groot genade wat ons kry dat die Heilige Gees ons sover beweeg dat ons ons foute mag herstel!
- Daarom is Simson se gebed en sy oorwinningslied ten opsigte van gesindheid en inhoud heeltemal verskillend van mekaar.
 - Eers sing hy oor sy eie kragvertoning – verwaand en selfvertrouend.
 - Toe bid en smee hy vir water om te mag bly lewe – afhanklik en in doodsangs.

Hierdie gebeurtenis teken nie net Simson en sy geskiedenis nie. Dit teken vir ons ook die verhouding tussen die Here Jesus Christus en die mense vir wie Hy aan die kruis gesterf en versoening bewerk het.

- Simson teken enersyds die Here Jesus in sy oorwinning oor die duiwel en sy ryk: Daarin dat Simson soos Jesus alleen moet veg en oorwin.
- *Alles wat hy daarna doen, verbeeld nie meer die Here Jesus nie. Daarin verbeeld hy ons: hy skiet as mens ver tekort om salig te kan wees.*
 - Die mense vir wie Simson geveg het, is ook soos ons geloofsverward en meer aan die verkeerde kant van die skeidslyn as aan die regte kant.
 - Hulle skep juis met hulle verkeerde oordeel die omstandighede en die terrein waar die doodstryd en die oorwinning moet plaasvind.
 - Hulle gaan lewer hulle leier uit aan die ongelowige vyand.

Die Here openbaar in hierdie gebeurtenis terselfdertyd sy onmeetbare almag:

- Daar is geen mag of kombinasie van magte wat sterk genoeg is om God se verlossingswerk teë te staan nie.
- Soos wat Simson die Filistyne letterlik belaglik maak met alles wat fisies daar gebeur – net so is die magte van die hel en alle magte wat daaraan verbind is, deur Jesus Christus se oorwinning verneder en verslaan.

Nou wissel die jaar en ons gaan in 'n nuwe jaar in.

- Die jaar wat voorlê gaan ongetwyfeld sy eie ellendes hê.
- Maar geeneen van hierdie negatiewe dinge wat dalk kan gebeur, het enige houvas op ons nie.
- Jesus Christus het klaar die duiwel en sy werk verslaan en gebreek.

Daarom gaan dit ook oor ons gesindheid. Hierin is Simson, die dorstige man, ons verteenwoordiger: Ons gaan die nuwe jaar (2014) in met 'n gesindheid van volkome afhanklikheid aan die Here.

- Mag ons vry wees van alle vorme van selfverheffing of oormoedigheid.
- Mag daar by ons 'n gesindheid wees van groot dankbaarheid aan die Here vir al die mooi dinge waarmee Hy ons dag na dag seën.
- Mag Hy ons in ons nederigheid gebruik om die grootheid van sy koninkryk te laat kom.
- Mag die Here gee dat ons ons lewe so reguit sal lewe dat ons nooit soos Simson op ons spore moet terugkom en van voor af smeeek vir vergifnis en dan eers die waarheid bely nie.
- Mag dit vir ons 'n jaar van hoop wees.
 - Ons hoef nooit aan hoop op verlossing 'n tekort te hê nie, want die Here het Simson se gebed terstond verhoor toe hy gesmeek het vir water – al het hy oomblikke tevore nog gesing van sy eie grootheid en heldhaftigheid!
 - Net so is God oor ons ook gereed om ons te verhoor en te seën!

Die ware gelowige wat weet waarheen hy gaan en waarvandaan hy kom, swerf nie rigtingloos tussen al die gebeurtenisse in sy lewe deur nie.

- Hy is rigtingvas 'n oorwinnaar in Jesus Christus – hy hanteer elke geleentheid om die eer van die Here te vestig.
- Hy weet dat die Here die onmoontlike moontlik maak wanneer dit oor die welsyn van mense gaan vir wie Hy lief is.
- Met Simson se geskiedenis het ons gesien dat die Here nie afhanklik is van wetenskap en tegnologie om sy raad te vervul nie.
- Sy almag maak die onmoontlike moontlik waar die hoop vir mense verdof en in die mis weggeraak het.

Die ware gelowige roem nooit eerste in homself nie. Hy leef in die grootheid van Jesus Christus se verlossing, en weet dat hy die lewe as oorwinnaar in Jesus se versoening moet en kan hanteer. So gaan ons 2014 in.

Amen.

Slotgebed

Skrifbelyning 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 29 Desember 2013